Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
Nicole Gezwint
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Nicole.Gezwint@westerncape.gov.za | 021 467 9329

Lêerno.: 19/4/11
Verwysing: 202408-6382

Assesseringsbestuursminuut: 0017/2024

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Vakadviseurs, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges en Hoofde van inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens voorberei

Onderwerp: Duidelikheid oor die appèlprosedure ten opsigte van assesseringsakkommodasies/konsessies, asook dringende aansoeke in die geval van noodsituasies in graad 12 (ad hoc-ondersteuning)

1. Die doel van hierdie minuut is om duidelikheid te verskaf/leiding te gee oor die bestuur van appèlle ten opsigte van assesseringsakkommodasies/konsessies, asook dringende aansoeke in die geval van noodsituasies in graad 12.

2. Hierdie minuut moet saamgelees word met die volgende omsendbriewe/minute:

Omsendbrief/Minuut	Onderwerp
Omsendbrief 0017/2016, gedateer 19 April 2016	Bestuur van assesseringsakkommodasies vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering: graad R–12 ervaar en vir leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes: graad 4–12 versoek.
Assesseringsbestuursminuut 0005/2017, gedateer 16 Maart 2017	Verdere riglyne oor die bestuur van assesseringsakkommodasies/konsessies vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering: graad R–12 ervaar en vir leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes: graad 4–12 versoek.
Assesseringsbestuursminuut 0001/2019, gedateer 28 Januarie 2019	Wysigings aan die riglyne oor die bestuur van assesseringsakkommodasies/konsessies vir leerders wat hindernisse ten opsigte van leer en assessering: graad R–12 ervaar en vir leerders wat immigrantstatus vir assesseringsdoeleindes: graad 4–12 versoek.

Assesseringsbestuursminuut 0011/2020, gedateer 16 September 2020	Bestuur van assesseringsakkommodasies/konsessies gedurende die afneem van die Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen.
Assesseringsbestuursminuut 0004/2022, gedateer 24 Maart 2022	Interpretasie van terminologie wat gebruik word in die bestuur van assesseringsakkommodasies/konsessies vir leerders wat leerhindernisse in graad 1 tot 12 ervaar.

3. Wysiging van Assesseringsbestuursminuut 0005/2017: Appèlaansoeke

3.1 Graad 1- tot 9-leerders

3.1.1 In gevalle waar 'n aansoek om 'n assesseringsakkommodasie/konsessie onsuksesvol is, mag ouers binne 10 dae vandat hulle van die uitslag van die aansoek in kennis gestel is, teen die uitslag appelleer. Skriftelike appèlle kan direk by die distriksdirekteur ingedien word.

3.1.2 Die distriksdirekteur sal 'n onafhanklike paneel aanstel om die appèl te oorweeg en die meriete van die aansoek te bespreek. Binne vyf dae nadat die paneel saamgestel is, word 'n aanbeveling gemaak wat dan aan die distriksdirekteur vir goedkeuring voorgelê sal word. Kurrikulumverteenwoordigers en verteenwoordigers van leerders met spesiale onderwysbehoeftes in distrikte behoort deel te vorm van die onafhanklike paneel.

3.2 Graad 10- tot 12-leerders

3.2.1 In gevalle waar 'n aansoek om 'n assesseringsakkommodasie/konsessie onsuksesvol is, mag ouers binne 10 dae vandat hulle van die uitslag van die aansoek in kennis gestel is, teen die uitslag appelleer. Skriftelike appèlle moet direk by die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens via me. Ragiema Geldenhuys per e-pos, Ragiema.Geldenhuys@westerncape.gov.za, of telefonies by tel. 021 467 2059 ingedien word.

3.2.2 Die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens sal graad 12-appèlaansoeke gedurende Augustus en September bestuur en daaroor beraadslaag. Skole sal voor die aanvang van die NSS-eksamen van besluite in kennis gestel word.

4. Wysiging van Assesseringsbestuursminuut 0005/2017: Dringende aansoeke in die geval van noodsituasies in graad 12 (ad hoc-ondersteuning)

4.1 Dit verwys na die ondersteuning wat onmiddellik voor of gedurende 'n assessering vereis mag word in geval van swangerskap of weens onvoorsiene omstandighede, wat mediese voorvalle, trouma, hospitalisering of gevangenisstraf insluit. Dit mag ook onvoorsiene omstandighede, soos epilepsie, angs-/paniekaanvalle, psigotiese episodes of kulturele/spirituele episodes insluit.

4.2 Wanneer ’n aansoek om ’n akkommodasie in ’n noodsituasie goedgekeur word, is dit vir die duur van die noodgeval geldig. Wanneer ’n ad hoc-akkommodasie goedgekeur is, moet ’n goedkeuringsbrief by die antwoordskrif aangeheg word. Die brief behoort te meld vir watter tydperk hierdie akkommodasie geldig is.

4.3 Ondersteuning vir ’n leerder wie se aansoek om ’n akkommodasie goedgekeur is, kan reëlings insluit om die eksamen in ’n ander lokaal as die standaardlokaal te skryf en/of om die leerder se assessering tot die volgende assesseringstydperk uit te stel.

4.4 In gevalle waar ’n leerder voor die einde van ’n eksamensessie van ’n voorval of toestand herstel wat tot die goedkeuring van ’n akkommodasie gelei het, mag die leerder voortgaan om ná oorlegpleging met die leerder en/of ouer of voog die eksamen in ’n aparte lokaal te skryf. Hierdie onderbreking moet op die leerder se antwoordskrif aangedui word, vanaf die aanvang van die onderbreking totdat die leerder weer begin skryf. Die leerder moet die verlore tyd gegun word om die eksamensessie te voltooi.

4.5 Indien dit vir ’n leerder nodig word om weens een of meer redes, soos in Bylae C1 genoem, van die *Regulasies betreffende die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen,* gepubliseer in *Staatskoerant* No. 37652 van 16 Mei 2014, toegang tot ’n aangepaste/alternatiewe assesseringsprosedure te verkry, moet ’n ad hoc-besluit betreffende die aangepaste/alternatiewe assesseringsprosedure deur die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens of hul verteenwoordiger gemaak word.

4.6 Die Hoofdirekteur: Assessering en Eksamens of hul verteenwoordiger mag binne drie werksdae ’n besluit neem indien die tersaaklike dokumente nie ingedien is nie.

4.7 In die geval van ’n dringende aansoek in graad 12 (vanaf Kwartaal 3), moet die Distriksassesseringsakkommodasiekomitee die aansoek, saam met die nodige dokumentasie, **onmiddellik** per e-pos, wcedconcessions@westerncape.gov.za, of telefonies by tel. 021 467 9329, by me. Nicole Gezwint by die Direktoraat: Assesseringsbestuur indien.

4.8 Die aansoek sal deur die Direktoraat: Assesseringsbestuur vasgelê word en sal met die leerder wat die betrokke behoefte ervaar, asook die opvoederondersteuningsbestuurders te Hoofkantoor, beraadslaag om ’n aanbeveling te maak.

4.9 Die Direktoraat: Assesseringsbestuur sal die stawende dokumente rakende die aansoek om assesseringsakkommodasies/konsessies verifieer.

4.10 Briewe waarin goedkeuring vir assesseringsakkommodasies/konsessies verleen word, sal op SOBIS beskikbaar gestel word.

4.11 Dit is die skoolgebaseerde ondersteuningspan en die distriksgebaseerde ondersteuningspan se verantwoordelikheid om te verseker dat die leerder die nodige ondersteuning ten opsigte van die goedgekeurde akkommodasie/konsessie ontvang.

5. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle skole/eksamensentrums.

GETEKEN: BJ LORISTON
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2024-09-05